Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

## NOVEMBER 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 **Meervoudigekeuse-vrae**

1.1.1 B ✓✓
1.1.2 C ✓✓
1.1.3 A ✓✓
1.1.4 C ✓✓
1.1.5 D ✓✓
1.1.6 D ✓✓
1.1.7 C ✓✓
1.1.8 A ✓✓
1.1.9 A ✓✓
1.1.10 D✓✓ (10 x 2) (20)

1.2 **Pasitems**

1.2.1 E ✓✓
1.2.2 F ✓✓
1.2.3 I ✓✓
1.2.4 C ✓✓
1.2.5 G ✓✓
1.2.6 L ✓✓
1.2.7 J ✓✓
1.2.8 B ✓✓
1.2.9 D ✓✓
1.2.10 K ✓✓ (10 x 2) (20)

ÉcoleBooks

1.3 **Landbouterme**

1.3.1 Versekering/Assuransie ✓
1.3.2 Vraag ✓
1.3.3 Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993 (Wet 130 van 1993) ✓
1.3.4 Wildsboerdery/Wildplase ✓
1.3.5 Infrastruktuur ✓ (5 x 1) (5)

1.4 **Onderstreepte woorde**

1.4.1 Uitgawes/ Bedyfskapitaal /Vlottende kapitaal ✓
1.4.2 Debiteure ✓
1.4.3 Kontant/Geld✓
1.4.4 Kwitansie ✓
1.4.5 Verpakking ✓ (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 50**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## AFDELING B

## VRAAG 2: FISIESE EN FINANSIËLE BEPLANNING

### 2.1 Helling

### 2.1.1 Grondhelling

| TOPOGRAFIESE FAKTOR | PRODUKSIEPOTENSIAAL |
|---|---|
| Diep grond met min klippe, effense helling | Groter produksiepotensiaal meer geskik vir gewasproduksie/hoër opbrengs ✓ |
| Vlak grond met matige klipperige helling | Kleiner produksie potensiaal meer geskik vir weiding ✓ |
| Baie steil hellings | Meer geskik vir weiding, wildlewe en bosbou ✓ |

(3)

### 2.1.2 Verskillende metodes wat die boer kan gebruik om erosie te bekamp

- A – Plant/Grasstroke ✓
- B – Klipbank/Klipwalle✓
- C – Kontoerwalle/Keerwalle ✓ (3)

### 2.1.3 Korrekte bewerkingsmetode en rede

- Metode A ✓ (1)

**EN**

- Verminder die afloop van water ✓
- Water het meer tyd om in die grond te infiltreer. ✓

**OF**

- Verminder erosie ✓
- Verminder die spoed waarteen die water vloei. ✓ (Enige 1) (2)

### 2.2 Weidings

### 2.2.1 Voltooi die tabel en bereken die aantal diere

| DIEREGROEP | AANTAL | GEBRUIKSFAKTOR | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| Lakterende Koeie | 300 | 1,2 | 360 |
| Kalwers 1 – 2 jaar | 300 | 0,6 | 180 ✓ |
| Vervangings verse | 60 | 1,0 | 60 ✓ |
| Bulle | 10 | 1,3 | 13 ✓ |
| Totaal diere op die plaas | – | – | 613 ✓ |

(4)

### 2.2.2 Bereken die maksimum aantal diere op die plaas

- $\text{Maks aantal diere} = \frac{2\ 000\ \text{ha}}{4\ \text{GVE/ha}}$ ✓

$= 500$ diere ✓ (2)

2.2.3 **Afleiding vir volhoubare diereproduksie, rede en impak**

- Nee dit is nie volhoubaar nie✓ **of**
- Nee daar is te veel (113 ekstra) diere op die plaas ✓ (Enige 1) (1)

**Moontlike impak**

- Oorbeweiding van smaaklike gras sal plaasvind ✓
- Veld sal agteruitgang/toename in onsmaaklike grasse✓
- Gronderosie sal ontstaan ✓
- Drakrag sal afneem✓ (Enige 3) (3)

2.2.4 **Oplossings vir volhoubaarheid**

- Verminder die aantal diere/Korrekte drakrag/Korrekte belading ✓
- Verkoop kalwers op 'n jonger ouderdom of met speen ✓
- Maak gebruik van aangeplante weidings/Plant aangeplante weidings ✓
- Plant voergewasse vir ekstra voer ✓
- Maak gebruik van 'n voerkraal vir jonger diere ✓
- Vervang grootvee met kleinvee ✓
- Bemesting/besproeiing van veld ✓
- Verkry/koop/huur addisionele veld/weiding ✓ (Enige 5) (5)

2.3 **Boerdery sisteme (metodes)**

- Ekstensief ✓ – groot plase met relatiewe min insette teenoor grootte bv. arbeid en bemesting✓
- Semi-intensief ✓– kombinasie tussen ekstensiewe en intensiewe (meer bestuur en arbeidsintensief as ekstensiewe maar minder as intensief) ✓
- Intensief ✓– Hoë kapitale inset relatief tot grootte en area✓ (Enige 3 x 2) (6)

2.4 **TWEE gebruike dieretraksie**

- Vervoer van insette, produkte en voer/lekke ✓
- Uitstrooi van kunsmis en kompos ✓
- Bewerking en vervoer op moeilike terreine ✓
- Vreet van onkruide op werf ✓ (Enige 2) (2)

2.5 **VIER metodes om 'n produktiewe werksmag te verseker**

- Waardering en krediet gegee vir werk gedoen ✓
- Toon 'n opregte belangstelling in die werker as 'n persoon ✓
- Dra verantwoordelikheid oor aan die werker ✓
- Regverdige vergoeding ✓
- Opleiding ✓
- Kommunikasie ✓
- Ontspanningsfasiliteite / Behuising✓ (Enige 4) (4)

Kopiereg voorbehou 

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



2.6 **Begroting**

2.6.1 **Vergelykbare Staat**

- Kontantvloeistaat ✓
- Inkomstestaat ✓ (Enige 1) (1)

2.6.2 **Item beïnvloed deur verandering in rentekoers en rede**

- Lening ✓
- Hoe hoër die rentekoers hoe laer sal die wins wees wat besigheid genereer en vise versa. ✓ (2)

2.6.3 **EEN item wat beïnvloed word deur inflasie en verduideliking**

- Saad ✓
- Kunsmis ✓
- Lone ✓
- Plaagbeheermiddels✓ (Enige 1) (1)

**EN**

- Inflasie sal pryse verhoog en wins sal daal ✓ (1)

2.6.4 **Item beïnvloed deur arbeidswetgewing**

- Lone ✓ (1)

2.7 **Keuse van boerdery metode**

ÉcoleBooks

2.7.1 **Winsgewendheid**

- Hoër winsgewendheid sal die besluit beïnvloed vir die boer om die metode te kies✓
- Toekomstige markneigings moet ook in ag geneem word in die vasstelling van winsgewendheid. ✓ (2)

2.7.2 **Markte**

- Afstand na die mark moet in ag geneem word aangesien dit die koste na die mark bepaal✓
- Waardetoevoeging van produkte verlaag risiko t.o.v. 'bederwing' van produk a.g.v. afstand✓
- Grootte van die mark het 'n invloed op die winsgewendheid a.g.v. prys en verkoopsvolume✓
- Uitvoer markte mag hoër kostes hê maar hulle inkomste is hoër as plaaslike mark ✓ (Enige 2) (2)

2.7.3 **Beleide**

- Wetgewing kan dit moeilik maak om sekere metodes te gebruik✓
- Beleide kan die gebruik van sekere hulpbronne beperk ✓ (2)

2.8 **Krediet as hoë risiko**

- Sekere veranderinge in rentekoerse kan 'n negatiewe invloed op die betalingsvermoë van die boerdery hé wat betalings bemoeilik ✓
- Verskillende klimaats- of markfaktore kan 'n negatiewe invloed hé op die aantal van die produk wat verkoop word of die prys wat die winsgewendheid van die boerdery negatief beïnvloed ✓ (2)

**[50]**

## VRAAG 3: ENTREPRENEURSKAP, REKORDHOUDING, BEMARKING, BESIGHEIDSBEPLANNING EN GEORGANISEERDE LANDBOU

**3.1 Besigheidsplan**

3.1.1 Bemarkingsplan ✓ (1)

3.1.2 Produksieplan ✓ (1)

3.1.3 Menslikehulpbronneplan/Arbeidsplan ✓ (1)

3.1.4 'SWOT'-analise ✓ (1)

**3.2 Voordele van 'n besigheidsplan**

- Verskaf duidelike strategie en doelwitte✓
- Rig die besigheid na sy doelwitte met doelstellinge✓
- Verseker effektiewe besigheidsbestuur ✓
- Help om besigheid te herposisioneer ✓
- Fasiliteer risiko bestuur ✓
- Help om lys van prioriteite saam te stel bv. bemarkings plan✓
- Help die boer om kompeterende voordeel te bepaal ✓
- Kan moontlike probleme vroeg bepaal ✓
- Help in die allokeer van befondsing volgens prioriteit ✓
- Identifiseer geleenthede wat voordelige vir boerdery kan wees✓
- Help om kommunikasie binne die besigheid te bevorder ✓
- Daarstel van 'n tydlyn wat besigheid help met implementering ✓

(Enige 5) (5)

**3.3.1 Faktore wat bydra tot 'n suksesvolle bestuurder**

- Kennis van die besigheid✓
- Kontakte/Netwerk ✓
- Finansiële vaardighede ✓
- Bestuursvaardighede ✓/Leierskap ✓
- Menslikeverhoudinge vaardighede ✓
- Besigheidsvaardighede✓ (Enige 3) (3)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



3.3.2 **Fases van die entrepreneursproses**




✓

OR




✓

**Rubriek**

- Vir elk van die skakels in korrekte volgorde een punt (3 x 1)
- Korrekte vloeidiagram een punt (4)

3.4 **Vereistes vir goeie besigheidsrekords**

- Duidelik en maklik om te gebruik ✓
- Spesifiek/akkuraat ✓
- Realisties ✓
- Relevant ✓
- Volledig ✓
- Spesifieke behoeftes van die plaas aanspreek ✓
- Tot datum bygehou✓ (Enige 3) (3)

3.5 **Belangrikheid van 'n Balansstaat**

- Skets 'n duidelike prentjie van besigheid se finansiële situasie✓
- Toon of besigheid goed bestuur word.✓
- Toon die besigheid se finansiële posisie op 'n spesifieke dag en datum✓ (3)

3.6 **Onderskei tussen diversifikasie en spesifikasie en voorbeeld**

3.6.1 **Diversifikasie**

- Diversifikasie is wanneer 'n boer verskeie produksie-eenhede gebruik wat bydra tot die totale inkomste van die plaas✓.
- Voorbeeld: enige twee of meer vertakkings (melkery + vleisbeeste; skaap + bok; mielies + sonneblom ens.) ✓ (2)

3.6.2 **Spesialisasie**

- Spesialisasie is wanneer 'n boer fokus op een kommoditeit en sy boerdery aanpas om slegs die een produk te produseer ✓
- Voorbeeld: Slegs EEN vertakking (mielies; wol; melk; ens.) ✓ (2)

3.7 **Produkorganisasie**

3.7.1 **Noem en bespreek rol van produkorganisasies**

- Besigheidsinligtingsdienste: ✓– verantwoordelik vir versameling en verspreiding van produksie en mark inligting aan rolspelers en boere
- Markontwikkelinge en produk promosie: ✓ - ontwikkeling van plaaslike en internasionale markte deur integrering van promosie veldtogte in samewerking met nywerhede✓
- Navorsing, ontwikkeling en tegnologie oordrag: ✓ - fasiliteer en bestuur navorsingsprogramme tot voordeel van die rolspelers ✓ (3 x 2) (6)

ÉcoleBooks

3.7.2 **Nadele van produk organisasies**

- Beperk inisiatief van boere ✓
- Bemarking en onderhandelinge is beperk ✓
- Lidmaatskapfooie moet betaal word ✓
- Boer kan beheer verloor oor sy produk✓
- Te veel organisasies kan 'n negatiewe uitwerking hê ✓ (Enige 2) (2)

3.8 **Moderne metodes van advertering**

- Aanlyn/Aanlyn advertering/webbladsye ✓
- Internet gekoppel dienste/Sosiale media ✓
- Borgskappe by konvensies en of funksies ✓
- Direkte pos ✓
- Groot advertensieborde 'Billboards' ✓
- SMS ✓
- Maatskappy/Produk selfoontoepassing (app) ✓ (Enige 4) (4)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**3.9 Faktore wat hoeveelheid produkte wat verbruiker benodig beïnvloed**

- Hoe laer die prys van die produk hoe hoër sal die aanvraag wees en vise versa ✓
- Indien verbruikers 'n spesifieke produk verkies uit kompeterende produkte, sal die aanvraag vir die verkose produk hoër wees ✓
- Indien verbruikers 'n spesifieke produk verkies sal hulle die produk aankoop teen hoër pryse. ✓
- Hoe meer verbruikers daar is hoe groter sal die aanvraag vir 'n spesifieke produk wees. ✓
- Hoe hoër die inkomste van die verbruikers hoe groter sal die aanvraag wees vir 'n produk ✓
- As die prys van 'n produk, wat met 'n ander produk se prys kompeteer, opmerklik laer is sal, die aanvraag laer wees omdat verbruikers die goedkoper produk gaan koop. ✓
- Hoe groter die verskeidenheid produkte beskikbaar hoe kleiner sal die aanvraag vir 'n spesifieke produk wees. ✓
- Groter verspreidingsarea sal die aantal produkte wat benodig word verhoog ✓ (Enige 5) (5)

**3.10 Verwantskap tussen inkomste en koste.**

**3.10.1 Benoeming van verskillende grafieke**

- Lyn/Grafiek A – Vaste koste ✓
- Lyn/Grafiek B – Totale koste ✓
- Lyn/Grafiek C – Veranderlike koste ✓ (3)

EcoleBooks

**3.10.2 Naam van punt D gemerk**

- Gelykbreekpunt ✓ (1)

**3.10.3 Ekonomiese belangrikheid van punt D**

- Punt **D** dui die hoeveelheid produkte aan wat verkoop moet word sodat die inkomste aan die uitgawes gelyk is. ✓
- Voor die punt gemerk **D**, sal die besigheid 'n verlies ly. ✓
- Na die punt gemerk **D**, sal die besigheid teen 'n wins bedryf word. ✓ (3)

**[50]**

## VRAAG 4: INSAMELING, PROSESSERING, BESTUUR EN AGRITOERISME

4.1 **Faktore om in ag te neem wanneer voor-oes-beplanning gedoen word.**

- Gereedheid vir die gewas ✓
- Diens van oesgereedskap✓
- Beskikbaarheid van oesgereedskap
- Beskikbaarheid van kontrakteur ✓
- Genoeg oes houers ✓
- Skoon stoor gebied ✓
- Beskikbare vervoer ✓
- Beskikbaarheid van ablusie fasiliteite✓
- Beskikbaarheid van arbeid ✓
- Beskikbaarheid van drinkwater ✓ (Enige 5) (5)

4.2 **Beskryf hantering van landbouprodukte**

- Korrekte verwydering van afval – sodat produkte nie gekontamineer word nie.✓
- Gesondheid van werkers – om die oordrag van siektes deur produkte te voorkom ✓
- Algemene Higiëne – moet van goeie standaard wees om kontaminasie van produkte te voorkom ✓
- Korrekte hantering van produkte – om bederfbaarheid van produk te verminder ✓
- Korrekte verpakking en vervoer om kwaliteit van produk te onderhou ✓ (5)

EcoleBooks

4.3 **Stoor metodes vir geoeste landbou produkte**

4.3.1 Vrugte en groente ✓ (1)
4.3.2 Vleis ✓ (1)
4.3.3 Graan/Onverwerkte (rou) oliesade ✓ (1)
4.3.4 Melk ✓ (1)

4.4 **VYF voordele van grootmaatstoor**

- Die area blootgestel aan lug is kleiner per massa ✓
- Peste is minder a.g.v. meer lae en die uitsluiting van lug. ✓
- Grootmaathantering is goedkoper ✓
- Grootmaathantering is makliker ✓
- Vinniger om te hanteer ✓
- Minder arbeid word benodig✓ (Enige 5) (5)

4.5 **Gunstige groeitoestande vir mikro-organismes**

- Die korrekte voedsel produk ✓
- Vog ✓
- Geskikte temperatuur ✓
- Geskikte pH ✓
- Lug/Suurstof ✓ (Enige 4) (4)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**4.6 Verpakking**

**4.6.1 Verpakkingsmateriaal - polistireen**

- Is geskik vir vleisprodukte ✓

**Redes**

- Kan maklik skoon gemaak word ✓
- Absorbeer nie maklik reuke nie ✓
- Lig in gewig✓
- Higiënies ✓
- Nie giftig✓
- Ondeurdringbaar deur gasse en reuke ✓
- Kan vog weerstaan ✓ (Enige 2) (3)

**4.6.2 Verpakkingsmateriaal - karton**

- Is nie geskik vir vleisprodukte nie ✓

**Rede**

- Kan nie vog weerstaan nie ✓
- Nie maklik om skoon te maak nie✓
- Reuke en gasse kan deur karton beweeg ✓
- Kan swaar wees/Nie lig in gewig nie✓ (Enige 2) (3)

**4.7 Bemarkingskanale**

ÉcoleBooks

4.7.1 Kontrakbemarking ✓ (1)

4.7.2 Internet bemarking ✓ (1)

4.7.3 Veilings ✓ (1)

4.7.4 Varsprodukte mark ✓ (1)

**4.8 Voordele van beplanning en koördinering**

**4.8.1 Voordele van beplanning**

- Verseker dat plaas doelgerig en sonder probleem bestuur word ✓
- Help om veranderinge te antisipeer en aanpassings vroegtydig te implementeer ✓
- Help om doelwitte en standaarde vas te stel wat benodig word vir beheer✓ (3)

**4.8.2 Voordele van koördinasie**

- Duplikasie word geëlimineer✓
- Beter koördinasie tussen werkers is moontlik ✓
- Organisering in die werksplek is makliker en meer funksioneel ✓ (3)

**4.9 Effek van motivering deur aanmoediging en delegering**

- Werkers voel meer gewaardeerd✓
- Bou selfvertroue ✓
- Werkers voel deel van die bestuurspan ✓
- Lei tot hoër produktiwiteit ✓ (4)

4.10.1 **Agritoerisme**

4.10.1 **Tipe onderneming**

- Agritoerisme (1)

4.10.2 **Agritoerisme**

Rubriek:

Die strooi biljet moet die volgende informasie/inligting toon:

- Ligging van die plaas ✓
- Kontak besonderhede van die plaas ✓
- Fasiliteite beskikbaar bv. oornag geriewe ✓
- Moontlike aktiwiteite bv. berg/rotsklim✓, jag✓, voëlkyk✓, visvang✓, kanoroei✓ (enige 2 aktiwiteite maks. 2 punte)
- Ontwerp/Uitleg mag nie groter as helfte van A4-bladsy wees nie✓.

(6)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM